

18 Junie - JOOD

Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-14 (NAV)

Fokusgedeelte: Kolossense 3:11, 14

In die Romeinse Ryk van 2 000 jaar gelede was mense netjies in vakkies ingedeel. Jy het presies geweet wat jou klas, stand en status was. Jy was Griek of barbaar, Jood of nie-Jood, besny of onbesny, ryk of arm, slaaf of vry, man of vrou, Romeinse burger of nie-burger. Christene het dikwels aan die kortste end getrek juis omdat hulle lewenstyl anders was.

Die samelewing is algemeen gekenmerk deur wreedheid. Mense het nie vir mekaar omgee nie. Siekes is op straat uitgesit, aborsie was aan die orde van die dag. Baie vroue is op hierdie manier na hulle dood gestuur. Mans het gedomineer.

In dié samelewing het die Christelike geloof 'n geweldige impak gemaak. Alle mense is binne die kerk ewe belangrik geag. Jou waarde hang nie van jou stand, jou volk, jou geboorte of jou rykdom af nie. Kolossense 3:11: *"Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, anderstalig, onbeskaafd, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal."*

Die vroeë kerk het Christus se voorbeeld nagevolg. Mense is belangrik, ongeag klas of stand. Christus het die mensgemaakte skeidsure afgebreek. Hy bou sy kerk uit 'n verskeidenheid mense. Hy stel vir ons die voorbeeld om mekaar lief te hê.

Om hierdie besondere rede was die Christelike geloof vir mense aantreklik. Dit het vir mense hulle menswaardigheid teruggegee. Daarom het die kerk so sterk gegroei. Daar was 'n sagtheid, 'n verdraagsaamheid, 'n onderlinge liefde, omdat God sy kerk liefhet.

Kolossense 3:14: *"Soos die HERE julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."*

Die vroeë Christene daag ons uit om in die Naam van Jesus lief te hê. Woorde is goedkoop, dade tel!

Sing: Psalm 133:1, 2 (2001-omdigting)

Dr De W Saaiman (Durban-Noord)